

3 April

Skrifgedeelte: Lukas 6: 32-34

Die vreugde om te kan gee

Die menslike optrede word in hoofsaak bepaal deur die beginsel van nuttigheid. Vriendskappe berus op wat ek bereid is om te gee, maar net soveel deur wat ek terug kan verwag. Ons belê ons geld waar ons die meeste rente kan ontvang. Die motief is wat en hoeveel kan ek terugkry.

Hierdie beginsel word so dikwels ook op die kerklike terrein oorgeplant. 'n Goeie kerk is die een waar ons die meeste ontvang, die lidmate die vriendelikste is, die predikant die beste preek ensovoorts. Hierdie beginsel is dikwels ook teenwoordig in ons verhouding met God. As ons nie die seën van die Here ontvang, soos ons dit van Hom gevra het nie, dan kom daar 'n wolk oor ons godsdiens.

Wat 'n genade is dit dat hierdie beginsel nie van God geld nie. Hy gee nie vir dit wat Hy kan terugkry nie. Aan die kruis gee die Vader sy eniggebore Seun, sonder dat Hy iets terugverwag. Die Seun gee Homself, sonder dat Hy die mens nodig het, of dat daar by die mens enige gronde is waarom Jesus verplig was om Homself as die offer vir ons sondes te gee.

Dit is die lewenshouding, die liefde wat die Here ook van ons vra: om die Here te dien sonder om te bereken wat ek van die Here kan verwag, my liefdesdade teenoor my medemens deur te gee sonder om te vra. Die vreugde om te kan gee sonder om iets terug te verwag, om God te dien uit dankbaarheid vir sy genade.

Sing: Skrifberyming 1-3: 1, 3

Dr M Aucamp (Durban)